Die Trooster geopenbaar in die Boek van Judith (vervolg)

Met slim lis het sy hierdie Holofernes uitoorgelê, wie in sy dronkenskap in `n onkapabele toestand en in `n dronke beswyming op sy bed gelê het, net soos wat die huidige kerke in hul dronk beswyming van die hoer van Babilon se wyn magteloos is. Hulle is geestelik totaal kragteloos. Ons sien dit egter net nie raak nie, ons sien hul uiterlike krag en mag en dan maak ons net soos die ruggraatlose priesterorde, ons kapituleer nog voor ons eers in geloof begin veg het teen hulle.

*13:3 En Judit het vir haar slavin gesê om buitekant haar slaapvertrek te staan en wag, totdat sy uitkom soos elke dag; want sy het gesê dat sy sou uitgaan vir haar gebed, en ook met Bagoas het sy ooreenkomstig hierdie afspraak gepraat.*

*13:4 En almal het weggegaan, en niemand, van klein tot groot, het in die slaapvertrek agtergebly nie. En Judit het by sy rusbed gaan staan en het in haar hart gesê: JaHWeH, El Almagtig, sien in hierdie uur neer op die werke van my hande tot verhoging van Jerusalem.*

*13:5 **Want nou is die geskikte oomblik om U Erfdeel vas te hou** en my plan uit te voer tot vernietiging van die vyande wat teenoor ons staan.*

*13:6 Toe het sy na die bedstang naby Holofernes se hoof gegaan en **sy swaard** daarvan afgehaak.*

*13:7 En sy het nader aan die bed gegaan en die hare van sy hoof vasgegryp en gesê: Gee my Krag, JaHWeH, Elohey van JisraEl, op hierdie dag!*

*13:8 En met al haar krag het sy twee keer op sy nek geslaan en sy hoof van sy liggaam gekap.*

So sal ons Trooster-Moeder, Judith weer die kop (krag) van Lucifer vernietig op aarde, wanneer Sy, werkend vanuit die Volksbruid van Jahshua, hierdie selfde taak gaan verrig om die wêreld te verlos van alle duiwelse krag. Hulle gaan verslaan word deur hul eie swaard, hulle eie woord/skrif gaan teen hulle gebruik word om hulle te vernietig.

Nou kom Judith terug na haar oorwinning oor die krag van Lucifer (Holofernes, arm van Nebukadneser):

*13:11 En op 'n afstand het Judit vir die poortwagters geroep: Maak oop! **Maak oop die Poort**! JaHWeH, onse Elohey is met ons om JisraEl weer kragtig en sterk te maak teen die vyande, soos Hy vandag gedoen het.*

*13:15 En sy het die hoof uit die sak geneem, en terwyl sy hom aan hulle wys, het sy gesê: Kyk, dit is die hoof van Holofernes, die opperbevelhebber van die leërmag van Assur; en kyk, hier is die muskietnet waarin hy gelê het in sy dronkenskap. **JaHWeH het hom geslaan deur die hand van 'n vrou.***

Liewe Mevrou, hier verwys ek u ook weer na **1 Esra 3:12**, wat sê: *"die vrou is die sterkste, maar bowenal sal die Waarheid oorwin"*. Ook die woorde *"maak oop die poort,* het betrekking op die Skrif waar Dawid in **Psalm 24:7** sê "*Maak oop die poort, sodat die Erekoning kan inkom*"

*14:18 Gewetenloos het hulle gehandel, die slawe! **Een vrou van die Hebreërs het skande gebring** oor die huis van koning Nebukadnésar. Want kyk, Holofernes lê op die grond , en hy het nie 'n hoof nie.*

Ook sal Satan se volgelinge weet dat hulle aan die einde deur `n Vrou verslaan sal word, naamlik die Bruid van JaHshua, wie een sal wees met die Trooster-Moeder.

*15:12 En **al die vroue van JisraEl** het gekom om haar te sien; en hulle het haar geprys, en hulle het uit hulle midde vir haar 'n koor gevorm. En sy het takke in haar hande geneem en gegee aan die vroue wat by haar is.*

*15:13 Toe het hulle Olyfkranse opgesit, sy en die wat saam met haar is. En sy het voor die hele volk vooruitgegaan in 'n reidans as leidster van die vrouens; en al die mans van JisraEl het in hulle wapenrusting en met kranse om, agterna gekom en lofliedere gesing.*

*15:14 In die midde van die hele JisraEl het Judit toe hierdie lofsang aangehef, en die hele volk het hierdie danklied nagesing.*

***Die lofsang van Judit**.*

*5 .....Maar die Almagtige JaHWeH het hulle verjaag **deur die hand van 'n vrou.***

*6 Want hulle leier het nie geval deur die hand van 'n jonkman, en nie seuns van helde het hom verslaan, en ook nie groot reuse het hom gedood nie; **maar Judit, Merari se dogter, het hom verlam deur die skoonheid van haar gelaat**.*

*7 Haar weduweekleed het sy afgelê tot verhoging van wie swaar leef in JisraEl; haar gesig het sy gesalf met die olie uit mirre.*

*8 Haar hare het sy gebind met 'n hoofsieraad; 'n linnekleed trek sy aan tot misleiding.*

*9 Haar sandaal het sy oë gebuit, haar skoonheid sy gees gevang; **maar die swaard het deur sy nek gegaan.***

*14 U hele skepping moet U vereer, want U het gespreek en hulle het ontstaan; **U het U Gees gestuur en Sy het 'n Huis gebou**; daar is niemand wat U stem kan weerstaan nie.*

Ek moes net dele van hierdie pragtige lofsang insluit, want hoe wonderlike stel die skrywer dit nie hoe hierdie Hemelse Vrou die oorwinning gaan bewerk nie, terwyl die arme, bang en ongelowige priesters by die huis gebly het, dit is, in hul ou kragtelose doktrines vasgevang gesit het, en toe hulle wakker word, was hul koffie koud (toe het die eindtyd Judith-Bruid die job klaar gedoen)!